

OUD-MATIE OOR CURIOSITY

'Mars lyk soos Namib'

Landing 'was baie moeilik'

Malani Venter

STELLENBOSCH. – Is daar tekens van lewe óf 'n vorige lewe op Mars?

Dit is die groot vraag wat Nasa se Mars-wetenskaplaboratorium, beter bekend as die verkenningstuig Curiosity, in die volgende twee jaar op Mars sal moet probeer vasstel.

Indien daar nie meer lewe is nie, maar wel tekens van 'n vorige lewe, wat het daarvan geword, hoe lank was dit op die Rooi Planeet en wanneer het dit opgehou bestaan?

Dit is van die ander belangrike vrae wat die tuig in die volgende 24 maande moet probeer beantwoord, het dr. Japie van Zyl, oud-Matie en deesdae 'n mededirekteur van Nasa se Jet Propulsion Laboratory (JPL), gister hier gesê.

Van Zyl het by sy alma mater oor dié tuig se suksesvolle, dog komplekse landing, op Mars



Dr. Japie van Zyl

vertel. Hy was een van die 700 mense betrokke by dié landing en is al sedert 1986 as mededirekteur van strategie by Nasa se JPL werksaam.

Die sending na die Rooi Planeet is op 5 Augustus suksesvol uitgevoer. Curiosity het in die krater Gale, naby die berg Mount Sharp, wat sowat 6 km hoog is, geland.

Van Zyl het 'n kort video van die landing vir die gehoor van sowat 300 mense gespeel. Foto's van die planeet is ook ge-

wys wat kompleet lyk soos 'n woestyn wat op die aarde afge- neem kon gewees het.

Dit laat hom aan die Namib-woestyn dink, het Van Zyl gesê.

Dit was 'n ontsettend moeilike taak om die tuig te land. "Dis soos om vir Ernie Els te sê om van Suid-Afrika af na St. Andrews in Skotland 'n kolfhou te slaan, sonder om te weet wat die weersomstandighede daar is.

"O ja, en net om dinge nog moeiliker te maak, beweeg die putjie teen 'n spoed van 100 000 km per uur. Dit was min of meer waarop ons voorbereid moes wees."

Op *Die Burger* se vraag of die dae van mense-ruimtevaarders verby is, het Van Zyl geantwoord: "Ek glo nie dis verby nie. Maar met 'n tuig is daar minder dinge om oor bekommerd te wees, soos suurstof en hitte."